

Publication: Burger, Die (Wes-Kaap) (Forum)
Publication Date: 21 Nov 2018
Page: 11

AVE: 17528.69
Circulation: 47400
Part: 1 of 1

# Dit is tyd vir nuut dink oor nederigheid

**Godsdiens Aktueel**

Nico Koopman



Nederigheid is een van die belangrikste deugde in godsdienstige tradisies. Dit is egter ook 'n deug wat misverstaan word.

Talle mense assosieer dit met papbroekigheid, ruggraatloosheid, kruiperigheid, besluiteloosheid, onstandvastigheid, vrees. Ten beste as gebrekkige moed of selfhandhawing.

Dit word ook gesien as die passiewe aanvaarding van vernedering. Só beskou, is dit die onbedoelde legitimering van onderdrukking, onreg en uitbuiting. Dit word selfs as wreed beskou om mense wat reeds onderdruk en verneder is, tot nederigheid aan te moedig.

Hierdie faset is voorwaar moeilik. Mense wat hul lewe lank deur rassisme in verskeie vorme onderdruk word, sal dit erg moeilik vind om nederig te wees.

Vroue wat ly onder patriargie en seksisme kan dit moeilik vind om nederig te wees. Dit kan selfs wreed klink om sosio-ekonomies benadeeldes, wat daagliks die vernedering van klassisme ervaar, tot nederigheid op te roep.

> **Nederigheid, ja, maar nie die soort wat die aanvaarding van onreg en onderdrukking impliseer nie.**

Hoe dikwels het 'n mens nie die pynlike ervaring dat jou nederigheid en sagmoedigheid deur voormalige onderdrukkers misbruik word om, dalk onderbewustelik, hul vermeende meerderwaardigheid teenoor jou te probeer handhaaf nie? Dis immers makliker om op nederige mense te probeer trap.

Só gesien is die versoeking groot om nederigheidstaal prys te gee. Maar die risiko is dan groot dat jy onbedoeld arrogant en aggressief, selfs vyandig en vervreemdend, kan optree. Miskien moet ons eerder van nederige selfhandhawing praat.

Ja, ons het nederigheid nodig, want waar ons dit prysgee, word die weg gebaan vir 'n lewe van destruktiewe arrogansie en hoogmoed.

Die Amerikaanse teoloog Reinhold Niebuhr het aangrypend geskryf oor individue en groepe se vernietigende hoogmoed van mag, intellek, moraliteit en godsdienstigheid.

Waar mense dink hulle is die magtigste en moreel meerderwaardig, beskik oor die beste menings en verstaan God se wil die beste, daar word die weg gebaan vir die stigmatisering en vernietiging van wie ook al van hulle verskil.

Ons het nederigheid nodig, maar een wat nie die aanvaarding van onreg en onderdrukking impliseer nie. Eerder een wat selfhandhawing, moed en heldhaftigheid behels en sê ek is sag met mense, maar hard oor geregtigheid.

Ons het daardie nederigheid nodig wat vernedering met durf, dapperheid en daadwerklikheid uitroei; wat die deernisvolle hart van die priester, die ferm tong van die profeet en die sterk optrede van die vors beliggaam.

Nederige mense is nie te ordentlik om eerlik te wees nie. Hulle is ook nie te eerlik om ordentlik te wees nie. Nederige selfhandhawing help ons om vernietigende arrogansie én kruiperige passiwiteit te vermy.

■ **Koopman is 'n teoloog en viserektor aan die Universiteit Stellenbosch.**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.